# STROOI~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
TWEEDE KWARTAAL 1991

# Musica AHS

**Met groot verwagtinge, na die koorkamp, het die koor baie hard begin werk vir 'n hele paar optredes. Die eerste poging was om die TOD-feeskeuring te haal.**

Alhoewel die koor in sommige gevalle sesstemmig gesing het, was die gevoel onder die beoordelaars dat Affies liewer na 'n regte manskoorgroepering moes verander.

Die alte en soprane moes onmiddellik van stem verander en 'n groot omskommeling moes "letterlik en figuurlik" plaasvind. Skielik het standerd sesse nie meer in hoë sopraanstemme gesing nie, maar een oktaaf laer, het hulle die koor in 'n ware mannekoor verander.

Baie harde oefening sou die wagwoord word. Met oefeninge tydens pouses en Saterdae het die "stress" vir 'n paar Affies te veel geword en hulle het tot groot spyt van die ander koorlede nie kans gesien om verder saam met die koor te woeker nie.

Hierdie gebeure het die koor egter nie onder gekry nie. Stadig maar seker was die Affie-manne besig om die kwart en agtste note crescendo's, pianissmo's en fortes onder die knie te kry. Alles was darem nie net sing en sweet nie. Daar was tydens oefeninge ook worsbraaie gehou om die koor te lawe. Die koor het ook as groep Boys-High se operette bygewoon en dit het almal weer laat terugverlang na ons eie Operette.

'n Hele nuwe repetoire was besig om by die Affie-koor inslag te vind. Verskeie persone by name mev Salome Hendrikse (komponis van verskeie Afrikaanse liedere) en mev Elmi Kruger van AHM het kom hand bysit. Met al die diafragma-asemhalingsoefeninge het die koor egter kop gehou en het hulle eerste groot deurbraak gekom met die Pretoriase Kunswedstryd. Hier het die Koor 'n A-simbool (85-89%) behaal, waarop almal trots is.

Die groot stryd is op 24 Junie voortgesit met die Direkteurstrofeestreekuitdun vir Noord-Transvaal. Met slegs 1% verskil het ons Wonderboom 'n opdraende stryd gegee. Met al die oefenery aan Jimmy Brown se Oo's en Bong's kan ons nie anders as om met groot verwagtinge uit te sien na 'n groot jaar nie! In die derde kwartaal is Affies se koor dan ook genooi om by Afrikaanse Hoër Meisies se prestige kooraand op te tree. Ons gaan ook vanjaar vir die eerste keer aan die Eisteddfod te Roodepoort deelneem in die Oktobervakansie.

Luister maar fyn vir al die bas- en tenoorklanke ... want hier kom 'n ding!



# Super 13 (+1!)

*AHM-Wenners van die SASOL-atletiekbyeenkoms*
**(Berig volg p10)**



# Skoolseuns sing ouer garde onder tafel in

*KALENDER Woensdag, 27 Maart 1991 — Verwoerdburgstadsaal*

**'n Land se beskawingspeil kan gemeet word aan die standaard wat sy kore stel ... 'n uitspraak ... uit menige beroemde se mond ...**

Gemeet aan 'n onlangse musiekfees in die Verwoerdburg se stadsaal waartydens die Hollandse Zangers as gasheer opgetree het, het sommige van die deelnemende sangkore se aanbiedings kommer gewek. Waar daar nog 'n flikkering van verwagting was, het die Manne in Blou en die Afrikaanse Hoër Seunskool se voortreflike sangvoordrag hul genote se tekortkominge belig, waardeur die moontlikheid van vergelykbare virtuositeit 'n finale nekslag toegedien is.

Die hoërskoolseuns se ongedwonge geslypte aanslag, ontspanne houding en geesdriftige sang het ongetwyfeld 'n skerp teenstelling met dié van die ouer garde se oorbodige vars aanslag gevorm. Met hul vertolking van Basil Gray se verwerkte "Shosholoza" en "Ballad of Jimmy Brown" het die jongklomp onder leiding van mnr G du Plessis bewys gelewer dat tegniese vaardigheid met 'n nederige en ontspanne aanslag, moontlik is.

# (Ere)kleurvolle Affies

**— Denise J van Rensburg**

**"Gaan na die mier, luiaard en word wys." Kom na Affies op Erekleuredag en sien wat wysheid is!**

Op Woensdag, 27 Maart, het die jaarlikse Erekleurefunksie te AHMP plaasgevind. Dit was getrou aan die tradisie, weer eens 'n prestige geleentheid.

Nadat die funksie op gepaste wyse deur dr Bertie du Plessis geopen is, het die geleentheidspreker, prof Réna Pretorius, die geleentheid met gevleuelde woorde verryk.

Sowat 57 Affies is hierdie jaar vir uitstaande prestasies op die gebied van sport, kultuur en akademie met kleure bekroon. Aan die matrieks van '90 is goue en silwer medaljes oorhandig vir 4-6 onderskeidings behaal in die eindeksamen. Erkenning is ook aan 5 Presidentsverkenners gegee.

Nog 'n kosmosgeleentheid, Erekleure '91, is agter die rug — 'n motivering vir nog hoër hoogtes in '92.



*Mev Rentia Nel, adjunk-hoof van AHM, het op flonkerende wyse haar 25e-jaar by Affies herdenk. 'n Diamant-en-saffierring is namens die personeel en leerlinge aan haar oorhandig.*

# Junior Rapportryers

— Hanlie du Plessis

**27 April 1991 — die datum mag dalk bekend klink, want dié Saterdag het Affies en FH Odendaal mekaar gepak.**

Dit was egter nie al wat gebeur het nie. Twee spanne van Meisies Hoër het aan die Junior Rapportryers Debatskompetisie deelgeneem.


Ná ons die oggend ons longe op die hokkie- en netbalbane uitgespeel het, het ons die middag mense laat lag en koppe laat draai met ons taal en humor.

Die st.9-span het beweer dat die Jeug nie gereed is vir die Nuwe Suid-Afrika nie, terwyl die st.7-span presies die teenoorgestelde gesê het. Dit was 'n taai kompetisie, maar wie kan beter (of meer?) praat as meisies?

Die st.9-span het afgereken met Waterkloof en vir 'n matriekspan van Elandspoort was dit klaar praat toe die st.7-Affies opgedaag het.

Albei spanne het hul onderskeie debatte gewen, maar ongelukkig het Eldoraigne ons uit eindelik met 'n kortkop gewen. Na die uitslae aangekondig is, het almal tevrede by Skuilkrans Laerskool se saal uitgestap.

Ons sal volgende jaar seker maak dat die "praatbeker" op Affies se rak pryk!




# *SPQR-Dag '91*

— Ulla Botha

**(Vir die wat wonder: SPQR staan vir "die Senaat en volk van die Romeine".)**

Op Vrydag, 17 Mei, is die Transvaalse Latyndag weer deur die Universiteit van Pretoria aangebied. Skole vanuit alle streke in Transvaal is hier verteenwoordig.

Sommige skole het musiekitems aangebied — sommige skole selfs dieselfde item vir die tweede jaar! Ons eie st Sesse (die blomme, gras, ens.) en Sewes (die "romantiese" en ander hoofrolle) het 'n baie suksesvolle aanbieding van "Pyramus en Thisbe" gehad. Daar kon ook aan verskeie kompetisies deelgeneem word, byvoorbeeld modelbou-, plakkaat- en leeskompetisies — pryse is in verskeie kategorieë van hierdie kompetisies toegeken.

Ter afsluiting van die funksie is 'n komedie van die Romeinse skrywer, Plautus, deur die dramastudente van UP onder leiding van Carel Trichardt aangebied. Onder die akteurs was daar ook twee oud-Affies, naamlik Petro-Nelize Trichardt en Sonja de la Rey.

Die doel van die dag was om Latynleerlinge bewus te maak van Latyn as taal, kultuur en lewenswyse en om almal se aandag weer daarop te vestig dat Latyn wel baie lewendig is!

Vivit Lingua Latina!

# Koorversamelstukke

— T Bentum, M en I du Plessis

**Tydens 'n opname op Vrydag, 7 Junie, onder AHM-koorlede, is o.a. die volgende interessante artikels in hulle baadjiesakke gevind:**

1 nartjiepit, 238 "tissues", 'n "Smarties-poster", 1 bottel parfuum, 1 houtvoëltjie, 1 tabaksakkie (Jeané??), 'n lys van komponiste, 'n sierskrifpen, 'n rol toiletpapier (koshuiskinders het nie "tissues" nie!), 3 Engelse opstelle, 1 geskiedenisboek, "maskara", 'n "Edutrain"-pamflet, 'n trompetmondstuk en 'n manifes van die nuwe Suid-Afrika!

Dit laat 'n mens wonder ...

# Prefektekamp

— Ulla Botha




**Op Vrydag, 19 April, het die junior gesaghebbers van die AHMP saam met 'n senior en 'n super-senior gesaghebber vertrek na die prefektekamp te Mooidam.**

Die Vrydagaand het die verantwoordelike steunpilare hulleself vermaak deur middel van kaartspel, waartydens verskeie metodes soos byvoorbeeld weerkaatsende vensters, onderlinge transaksies en blatante kullery aangewend is om die spel te wen. Hier is opgemerk dat super-senior gesaghebbers nie juis goeie kaartspelers is nie.

Saterdagoggend het die groepie hulle tyd verwyl met 'n bietjie sagtebal, waartydens die tennis- en hokkiespelers duidelik uitgeken kon word. Sekere spelers kon egter nie die spel geniet nie, aangesien 'n vierbenige faktor 'n dierlike affiniteit vir die bal gehad het. Die spel is onderbreek toe die bal deur 'n oorywerige speler in die dam geslaan is en gered moes word. Die middag is verwyl deur halfhartige pogings tot huiswerk, 'n geswot vir die Hoofleiers-wageksamen en 'n desperate, maar nuttelose gevluglees van angstige AKPOL-deelnemers. Daarna is 'n vergadering gehou waartydens waardevolle idees en inligting uitgeruil is.

Saterdagaand het die klompie prefekte bewys dat daar ook nog kreatiwiteit en inisiatief agter die blou baadjies skuil. Hulle het 'n uiters melodieuse en vermaaklike konsert aangebied, waarna die senior en super-senior gesaghebber krities, tog tevrede geglimlag het.

Nadat daar Sondagoggend oggendgodsdiens gehou is, en die terrein opgeruim is, het die gesaghebbers, junior tot super-senior, terug huiswaarts gekeer. 'n Terugblik sou hulle egter verseker dat dit 'n uiters leersame en suksesvolle kamp was.


# Teater-Teater

— Erica Blackman

**Dit was vroeë oggendure, dit was laat aandure, dit was Saterdagoggende, dit was Mini-eksamen, maar dit was ook toneel!**

Ons was met koffie en pannekoek omgekoop om kwart voor ses op Dinsdag- en Donderdagoggende te kom repeteer vir die Engelse toneelopvoering. Met geswolle oë, deurmekaar hare en klere wat half onderstebo aangetrek is, het ons ons dae begin — vaak, dramaties, Engels!

Ons eerste kompetisie, nl. die "SACCI Festival" was op die 20e Maart. Met kloppende harte en 'n regisseuse (mev Mieta van Vuuren) wat erg op haar senuwees agter die gordyn paradeer het, het ons die aand getakel en selfs met ons onseker einde daarin geslaag om deur te dring na die finale rondte op die 26e Maart. Hier het ons derde geeïndig met 'n heel ander einde. Ons het weggestap met die beker vir die beste Engels tweede taal-toneelproduksie.



*'n Samelewing van nommers ...*

Op die 16e Mei was ons volgende en laaste kompetisie te Pro Arte Hoërskool. Die einde van ons toneel het weer eens verander, maar dit was (volgens my) "treffend"! Die hele toneelgroep het hulleself terdeë geniet en sal hierdie aand nooit vergeet nie! Ongelukkig het ons nie deurgedring na die Noord-Transvaalse uitdunne van die TOD nie, maar ons is nou tevrede met opvoerings vir kultuuraande!

As die gordyn vir die laaste maal toeskuif, sal ons steeds wonderlike herinneringe hê ... die paar "flops", die talle "Girls, you warm the cockles of my heart!", die oomblikke van naels kou, oë toedruk en bid, en laaste, maar nie die minste nie, die waarderende toejuiging na elke vertoning ...



# *Die lewe is 'n lied*

— Dorette Boshoff

**AHM se koor het die afgelope termyn 'n baie besige tyd gehad met al die koorfeeste waaraan hulle deelgeneem het.**

Op 4 Mei, by die Hoërskool Wonderboom en op 25 Mei, by die Hoërskool Waterkloof se koorfeeste, het die koor telkens groot applous en bewondering uitgelok. 31 Mei was nog 'n besige dag vir die koor toe hulle die middag op Centurionpark die FAK se hoërskolekompetisie en daarmee saam 'n splinternuwe trofee en 'n R1 000 gewen het! By hierdie geleentheid het hulle een van Marietha Mulder se eie komposisies, "Die Dwergieliedjie", gesing — baie gunstige kommentaar is ook in verband hiermee ontvang. Die aand het die koor saam met 3 ander hoërskoolkore in 'n Republiekdagprogram saam met die Nasionale Simfonie-orkes in die Staatsteater opgetree.

Op 7 Junie moes hulle baie vroeg opstaan om 5:45 te vertrek na die TOD se musiekfees op Klerksdorp. 'n Welverdiende koortoer deur die Vrystaat en die Kaap wag nou nog op die koorlede om te vergoed vir 'n bedrywige en suksesvolle termyn.




# Wiskunde Naweek

— Friedie Jacobs

**Hoewel normale skoliere op 'n Vrydagmiddag huiswaarts sal keer om asem te skep, het 'n paar Affies Vrydagmiddag, 3 Mei, by die skool agtergebly vir Wiskundeklas tot halfses — en hulle was die gelukkiges!**

Om agtuur Saterdagoggend het ongeveer 70 Affies in die skoolsaal gesit, gereed om te leer van Trig., Meetkunde en Algebra. Die motto vir die dag: "Die enigste gevaar van werk, is dat dit lekker kan word!"

Ten spyte van die kort koffie-maak-asem-skep-pouses, was dit net te danke aan mej Niebuhr (die Wiskunde-onderwyseres) se uithouvermoë en spitsvondigheid dat die Affies wakker en aan die werk kon bly tot middagete.

Die middagpouse-uur was een van uitrus, eet, nogmaals eet en gesels. Maar soos alle ander goeie dinge het die uur ook verbygegaan en omstreeks twee-uur het die skoliere weer vergader — die keer in kamer 78.

Van toe af het dit maar sukkel-sukkel gegaan, want 'n Saterdagmiddag is per slot van rekening 'n Saterdagmiddag. Dit was met dankbaarheid, maar ook 'n gevoel van tevredenheid dat 70 moeë Affies teen halfvier huiswaarts kon keer om die res van die naweek te benut.

Of die Wiskundenaweek 'n sukses was? Wel die saamwerk en saamdink was lekker en vol pret — die vrug van die arbeid word egter eers op 5 Julie afsonderlik aan elke leerling oorhandig.

# Kultuur

**Die skaakspanne is tans hard besig om 'n verbete stryd in die ligawedstryde te voer. Daar was ook in die kwartaal talle ander verwikkelinge wat die skaakklub deurgaans op hulle tone gehou het.**

Die A-span het sover 4 uit 5 ligawedstryde gewen en lê naastenby tweede in die liga. Die B-span het nog geen wedstryde verloor nie en hul kanse is baie goed om die C-liga te wen. Die C-span het self nog net een wedstryd uit 4 verloor, maar hulle posisie in die E-liga is baie onseker, omdat uitslae daar nog onvolledig is. Ook die D-span se posisie kan nie presies bepaal word nie. Nog net 'n paar wedstryde en dan is alles verby.

Verder het die skaakbestuur een Saterdagmiddag gebruik om 'n reuse skaakbord voor mev Saayman se klaskamer te verf. Die volgende Vrydagaand (3 Mei) is die skaakbord op aangename wyse deur middel van 'n pretskaakaand in gebruik geneem.

Met die skaakklub, wat tans uit 50 lede bestaan, gaan dit werklik baie goed. 40 Spelers neem deel aan ligawedstryde wat elke Vrydag gespeel word. Oefeninge word goed bygewoon (op één middag was daar tot 40 spelers teenwoordig!), die gees is goed en spelers doen hul bes. Sommige spelers is só entoesiasties dat hulle elke pouse skaak speel. Hulle sal sekerlik die vrugte van al hierdie harde werk pluk.

**Enkele verdere nuusbrokkies:**

Ons skaakkoerant, "Die Ruiter" se eerste puik uitgawe het ook reeds verskyn. Die redakteur, Martin Coetzer, wat hom goed van sy taak gekwyt het, verdien 'n pluimpie.

Die skaakbestuur vergader elke Donderdag gedurende pouse onder die bekwame leiding van die voorsitter, Vickie de Kock, en die vaardige sekretaris, Kolver Kruger. Groot en gewigtige besluite is al by hierdie geleenthede geneem.

Onder die hand van penningmeester, Johan Spies, is die skaaksnoepie uitgebou tot 'n magtige reus in die verkope van koeldrank, lekkers en aartappelskyfies. Hulle hoop om binnekort nog minstens een skaakklok en 10 vinielskaakborde aan te koop met die winste wat hieruit gemaak is.

Met Affies se skaak gaan dit baie goed en dit is duidelik dat dit net van krag tot krag kan gaan indien dit voortgaan om uit te brei soos dit tans uitbrei.

## Profiel van AHS se Eerste Skaakspan

— Janneman du Buisson



**Eerste Skaakspan:**
**Agter vlnr:** *Jaco Cloete, Johan Spies, Hendrik Malan.*
**Middel:** *Vickie de Kock (Kapt), Frikkie Roeloffse, Philippus Spies, Riaan Els.*
**Voor:** *Piet-Hammer Spies.*
**Afwesig:** *Kolver Kruger, Johan Steenkamp en Basil Olivier.*



**Tweede Skaakspan: (Wenners van die C-liga)**
**Agter vlnr:** *Gerhard Smit, Ian Jankowitz, Jacques Malan, Coenraad Bezuidenhout, Leon Kelder, Derk Derksen.*
**Voor:** *David Butler, Michael van Reenen, Damon Otto (Kapt) en André van Vuuren.*

**Bord 1:** Vickie de Kock (st.10) — Kaptein, eerstespanspeler sedert standerd 6, beklee reeds vir 2 jaar die huidige posisie: Noord-Transvaal, SA (1989), Affieskampioen, voorsitter van skaakbestuur, slegs twee half punte afgestaan tydens huidige liga, lid van Piet Robbertse-span 1990.

**Bord 2:** Kolver Kruger (st.10) — eerstespanspeler sedert standerd 6, huidige posisie beklee sedert verlede jaar met enkele uitsonderings, nog geen wedstryde tydens huidige liga verloor nie, sekretaris van skaakbestuur, lid van Piet Robbertse-span 1990.

**Bord 3:** Johan Steenkamp (st.6) — belowende nuweling in eerstespan, N Tvl junior 1990.

**Bord 4:** Jaco Cloete (st.9) — eerstespan sedert 1989, wen eerste interne toernooi van 1991, slegs een wedstryd verloor tydens huidige liga, lid van Piet Robbertse-span 1990, steunpilaar.

**Bord 5:** Frikkie Roeloefse (st.9) — eerstespan sedert 1990, ligaspeler van die jaar, 1990, tans nog geen wedstryd tydens huidige liga verloor nie, lid van Piet Robbertse-span 1990.

**Bord 6:** Philippus Spies (st.8) — eerstespan sedert 1990, lid van Piet Robbertse-span 1990, staatmaker.

**Bord 7:** Riaan Els (st.7) — belowende nuweling in span, N Tvl junior in st.5, 1½ uit 3 wedstryde gewen in huidige liga, aanvanklik in tweede span maar behaal hierdie posisie deur vir Piet-Hamman in 'n daagwedstryd te wen.

**Bord 8:** Piet-Hamman Spies (st.7) — eerstespan sedert 1990, lid van Piet Robbertse-span 1990, staatmaker.

**Bord 9 en 10:** Word tans beurtelings beklee deur: Johan Spies (st.10) — entoesiastiese klublid sedert st.6, het met volgehoue ywer en toewyding homself opgewerk vanaf die derdespan tot in sy huidige posisie, penningmeester van skaakbestuur.

**ii)** Sameroeper: Sosiale komitee — Basil Olivier (st.10) — soos Johan Spies ook met entoesiasme en ywer vanaf die derde span tot hier gevorder, en

**iii)** Hendrik Malan (st.7) — entoesiastiese nuweling in span wat geen moeite ontsien om gereeld te oefen en homself te verbeter nie, toon heelwat belofte vir die toekoms.

# Orator

**Johan het met die eerste uitdunrondte van die Spraak- en Drama gilde tweede in Afrikaans, derde in Engels geeïndig.**

Die beste drie sprekers van die vier uitdunrondtes word na die finaal genooi — Johan was derde in albei kategorieë. In die finale rondte was daar drie afdelings — Tweetalig, Afrikaans en Engels. Aan die einde van die aand het hulle die wenner in elke kategorie aangewys en ook die algehele beste wenner (Transvaalstreek).

Johan wen die Engels, Afrikaans en is ook die beste algehele spreker om aan die Landswye finaal in Kaapstad op 14 en 15 Junie deel te neem.



*Johan Nel was ook die Naaswenner in die Landswye Redenaarskompetisie te Kaapstad.*

# DEBAT

**Die Rapport-debatkompetisie is in volle swang. Dit is 'n landswye kompetisie waaraan alle skole kan deelneem, met groot kontantpryse vir die wenners. Affies het hierdie jaar weer twee spanne — 'n matriek en st.9-span — ingeskryf.**

Dit is 'n spankompetisie waar elke spanlid 6 minute vir 'n konstruktiewe toespraak en 3 minute vir repliek op die opponente se standpunt ontvang. Die debat word dan afgesluit deur kruisverhoorvrae aan elke spanlid deur die beoordelaars, om hulle standpunte en stellings te ontleed. Affies se matriekspan was Johan van Huysteen en Jacus Engelbrecht. Die onderwerp waaroor daar gedebatteer is, was: "Die Afrikaanssprekende, skoolgaande jeug is reg vir die Suid-Afrika van môre." Hulle moes die onderwerp opponeer en die st 9-span, Nico Barnard en Johan Nel, moes die onderwerp verdedig.

Die eerste uitdunronde was Saterdag, 27 April by die Hoërskool Menlopark. Daar was ses debatte. Johan en Jacus het in die eerste debat teen Menlopark te staan gekom, en hulle debat gewen. Nico en Johan het later die aand in die vyfde debat, ook teen 'n span van Menlopark te staan gekom, en het daar ook vir Menlo 'n voorsmakie van die rugby gegee.

Aan die einde van die aand sou twee spanne uit die altesaam 12 spanne deurdring na die semifinaal. Nico en Johan het dit gemaak en kom op 15 Junie teen Potchefstroom Volkskool te staan. Die onderwerp, wat hulle die keer moet opponeer is: "Suid-Afrika gaan baat by oop skole". Nico en Johan verdien gelukwense met die prestasie wat hulle alreeds behaal het.

## Taal-en-Kultuur-bring-en-eet-kuieraand

**Ouers en die 50 toppresteerders in die tale het die eerste Affie taalkultuur-bring-en-eet-kuieraand op Vrydag, 24 Mei om 18:30 in die skoolsaal bygewoon.**

Die aand het die vorm van 'n informele buffet aangeneem. Die vyf taalgroepe het slegs twee leerlinge per standerd per vak en hul ouers genooi. Elke taalgroep was vir 'n kostafel met tradisionele geregte verantwoordelik: Latyn (voorgereg); Noord-Sotho (bygereg); Engels (groente en slaaie); Afrikaans (vleis) en Duits (nagereg en koffie). Tydens elke van die gange was die onderskeie vakke ook vir tradisionele musiek en 'n item verantwoordelik om luister aan die aand te verleen.

Die ma's het elk 'n gereg gebring en die smaaklike disse kan hoog aangeprys word. Die vyf kostafels is op eg tradisionele wyse gedek en verfraai — ook deur die seuns se vlytige moeders.

Daar is heerlik gekuier en geëet en na die verskillende items geluister. Die program was:

**LATYN:**
**Sang**
Mecum mane — UNDECIM;
Dona nobis pacem — (i.e. decem discipuli et una magistra);

Voordrag
Dies in Vita Pavonis — PAVO ANDREUS;
(Hoogmoed kom tot 'n val) — (i.e. André du Plessis);

**NOORD-SOTHO:**
**Duet**
Mmangwane mpulele — Johan Nel en Robert Wilke.

**ENGELS:**
Kaleidoscope — Staff members and pupils of the English Department, AHS;
A medley, or a literary miscellany.

**AFRIKAANS:**
**Sangsolo**
Eis van die vonk — Noordweste-siklus — mnr Deon du Plessis; Begeleier — mnr Richard Sellick.
Eenbedryf — Maats — Dawid Perkins — Johan Nel, Neels Malan, Marisa Nabel; Vertaal — Bernie Visser.
Onder spelleiding van mnre Danie Potgieter & Gerhard van Wyk.

## "MAATS"
### Afrikaans Toneelgeselskap

— Abrie Venter

**Die Affie-toneelgroep het gedurende die tweede kwartaal aan die Direkteurstrofee toneelkompetisie deelgeneem.**

Johan Nel (Jack), Neels Malan (Steve) en Marisa Nabel (Wendy) het groot lof gekry vir hul puik vertolkings. Hul spel het deurgaans indruk gemaak en dit is reeds genoegsame erkenning vir harde werk.

Al het hul nie tot die finale kompetisie deurgedring nie, kan hul met reg trots wees op hul puik vertolkings. Die regisseurs, mnre D Potgieter en G van Wyk het hul ook baie goed van hul taak gekwyt om só 'n goeie eindproduk na 'n kort oefentyd op die planke te bring.

Aan die einde van die derde kwartaal beplan die toneelgroep om weer te begin oefen vir verskeie toneelfeeste in 1992. Almal wat belangstel, kan mnr D Potgieter kontak.





**REDAKSIONEEL**

# OUD-AFFIE VAN DIE KWARTAAL

## Oud-minister Hendrik Schoeman

**Hendrik Schoeman is op 11 Junie 1927 te Delmas gebore. Hy is die seun van Karel Schoeman, die eerste Voorsitter van die Bantoe Beleggingskorporasie, kleinseun van generaal Hendrik Schoeman en agterkleinseun van Kommandant-generaal Stephanus Schoeman.**


Hy matrikuleer in 1945 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria. Na sy skoolopleiding het hy verskeie besoeke aan Amerika gebring om 'n studie van Landbounavorsing en -tegnieke te maak.

Hy word in 1966 as Volksraadslid vir Standerton verkies. Na twee jaar, op 39-jarige ouderdom, in 1968, word hy aangestel as Adjunk-Minister van Landbou, in 1972 Minister van Landbou en in 1980, Minister van Vervoerwese. Op 20 Maart 1980 ontvang hy die toekenning vir Dekorasie vir Voortreflike Diens en in 1985 die toekenning SMO van die Spoorwegpolisie. Hy was leier van die Volksraad en neem waar as Staatspresident.

Mnr Schoeman boer in die distrikte Delmas, Bethal, Springs en Groblersdal met slagvee, mielies, druiwe, sitrus, subtropiese vrugte, bone, aartappels en ander produkte. Daar is 41 plaasbestuurders en 2 400 plaaswerkers in sy diens.

Hy is getroud met Christelle Loedolff van Delmas, voorheen 'n maatskaplike werkster en hulle het 'n seun, Kallie, en 'n dogter, Madel, beide getroud, en vier kleinkinders. Sy seun Kallie is Besturende Direkteur van sy boerdery-belange en sy skoonseun, Kobus Fourie, Finansiële Direkteur.

Hendrik Schoeman het in November 1986 besluit om uit die politiek te tree na 21 jaar agv sy vrou se balansprobleem.



Hierdie kleurryke oud-Affie is natuurlik een van die Affies se trots. 'n Man wat diep spore in die Affie-geskiedenis getrap het met sy kleurvolle Affie-wees. Hendrik Schoeman is 'n navolgenswaardige leierfiguur wat met sy nederigheid en lewensblye humor vele harte verbly het en van hom seker dié mees geliefde minister gemaak het.

Die Affies éér die oud-Affie.

# Ons eie "De Kat" pryswenner

— Therese Bentum

**Juffrou Elize van Wyk is 'n saggeaarde, innemende mens wat altyd glimlag. Alhoewel sy 'n Engels onderwyseres is, het sy onlangs 'n derde plek behaal in "De Kat" se landswye kortverhaalwedstryd.**

Ek het by haar klaskamer gaan inloer om haar meer hieroor uit te vra.

**Wat het Juffrou laat besluit om deel te neem?**

Ek wou kyk of ek regtig 'n goeie storie kan skryf. Ek het 'n storie in my kop gehad en wou kyk of dit werk. Gelukkig het ek in die maand wat ek geskryf het nie skool gehou nie en het dus genoeg tyd gehad.

**Wie of wat was Juffrou se inspirasie om te skryf?**

My ouma. Dit is eintlik 'n ware verhaal wat 70 jaar gelede gebeur het toe sy twintig jaar oud was.

**Wat is die naam van die verhaal?**

"Die geskenk".

**Waaroor handel dit?**

Dit is 'n liefdesverhaal waar 'n jong meisie moet kies tusen Europa en musiek (wat gesimboliseer word in haar musiekdosent) aan die een kant, en "donker, woeste" Afrika (verteenwoordig deur 'n sendeling met wie sy op die ou end trou) aan die ander kant.

**Wat het Juffrou gewen?**

R2 000 en 'n bietjie selfvertroue. My verhaal gaan ook in 'n wenbundel gepubliseer word.

**Hoe gaan Juffrou die prysgeld gebruik?**

Ek spaar dit maar vir die toekoms ... of as my pienk kar oppak!

**Raak Juffrou se idees nooit op nie?**

Ja, maar dan kyk ek na goed om my. Daar is in elke klein dingetjie 'n storie as jy net bewus is daarvan. Ek gebruik ook herinnerings of die hede in my stories. 'n Mens kan altyd die hede inspeel op 'n verhaal.


**Het Juffrou enige raad vir Affies wat sukkel met opstelle?**

Skryf! Aanvaar die uitdaging om eerlik te wees al kos dit jou wat. Om dit te kan doen moet jy iets van jouself in die opstel sit — dit kan jou kwesbaar maak, maar dit is die moeite werd. Onthou: jy is nooit goed genoeg dat jou eerste probeerslag jou beste is nie. Skryf jou stuk oor en oor en redigeer dit tot dit reg is.

Baie geluk, Juffrou! Affies kan met trots sê: "Ek sien haar wen!"

# *Mnr Swan en Kie hou terrein tops*

—Jacus Engelbrecht



**Die laaste vier jaar is Affies se terrein verbeter en vernuwe. Die Stroom-op en Affies eer almal verantwoordelik: mnre TLP Kruger, D Swan, die Terreinkomitee olv mnr Jac van der Walt en al die ouers se steun en insette.**

Die opknappingsprojek het ongeveer vier jaar gelede begin. Dit het nou die stadium bereik waar die resultate opvallend goed vertoon en die projek dus uit en uit die moeite werd maak. Almal wat hierdie spogterrein tot stand gebring het, verdien slegs die grootste lof — ook die ouers se finansiële bydrae van om en by R300 000.

Die eerste verandering was die omskeppings van die ou tennisbane, ou skietbaan én die ou B-rugbyveld wat in twee rugbyvelde verdeel is. Die nuwe skietbaan met 'n afdak het eerste die lig gesien. Die tennisbane het nuwe draad om gekry, die tennisblad is opgeknap en die tennishuisie se aangesig is verbeter. Voorts was dit die krieketnette wat opgerig is. Die swembad is herstel en daar is plaveisel om die swembad aangebring. Nuwe rugbypale is "geplant" — besondere hoë pale, ongeveer 19 meter.

Affie se sportmanne trek beslis groot voordeel uit al die verbeterings.

Die hele terrein is egter opgeknap en verbeter. Vier nuwe motorhuise het die lig gesien, die booghek is 'n knap handewerk, die grondpaaie is nou teerpaaie, die appelkas is verbeter, die lapa is gebou vir sosiale byeenkomste. Die sirkel voor die skool is een van die treffers. Die skoolbus (Ark) is omgebou en het selfs 'n nuwe enjin gekry, twee ekstra voertuie is aangekoop om die leerlinge na die vele aktiwiteite te vervoer. Veiligheidsligte is oral op die terrein aangebring. Die klaskamers is uitgeverf en opgeknap en so ook die saal deur TOD.

Die nuwe parkeerarea het al baie positiewe kommentaar ontlok deurdat dit maklik funksioneer vir die ouers wat leerlinge op- en aflaai.

Affies het dan ook natuurlik die skoolplaas wat ongelooflik verbeter en opgeknap is. Die Skoolplaas Trust het die opknappingswerk moontlik gemaak.

Daar is 'n plafon en isoleermateriaal in die slaapsaal aangebring, twee en dertig beddens met matrasse is ingebou en ook vyftien houttafels is aangebring. Die afgelope vakansie is die slaapsaal en huis van elektrisiteit en 'n waterverwarmingstelsel, stowe, yskaste en vrieskaste voorsien. In die huis is ook twaalf beddens, gordyne en diefwering geplaas. 'n Toe watertenk langs die dam sal ook voortaan sorg vir skoon drinkwater.

Die Affies en Stroom-op het groot lof en dank jeens almal wat dit alles moontlik gemaak het: mnr Kruger, die hoof, mnr Swan, kontakpersoon, die Projekte- en Terreinkomitee, die vaktotrum en assistente, die Ondersteunersklub finansiële steun van ouers.

Ook word daar verneem dat al die opknappingswerk nog ver van klaar is. Daar is nog die vooruitsig van 'n sportsaal wat langs die skietbaan opgerig gaan word, gordyne vir die klaskamers, 'n wapenkamer langs die skietbaan, 'n trofeekamer by die ingangsportaal en vele meer.

Maar: "Affies, hou ons terrein skoon en mooi soos dit is!"

**Mnr Swan se aandeel**

— Beplan en kontroleer alle projekte deur die Projekte komitee goedgekeur.

— Was persoonlik verantwoordelik vir die oprigting van:

● Skietbaan afdak;
● Motorhuisdak en deure installeer;
● Veranderings binne die Appelkas;
● Rekenaarkamermeublement gemaak;
● Doen houtbekisting binne skoolsaal;
● Bou saalverhoog groter uit;

— Gras aangery en geplant op terrein vanaf Loftus Versfeld.

— Was kontakpersoon met Werkdepartement inspektoraat tydens algemene opknapping van die skoolgebou.

— Korrespondeer met streekkantoor en Departement Plaaslike Bestuur en Behuising tov alle klagtes en departementele projekte van skool en koshuis.

— Skoolplaas opgeknap.



# Oud-Affie van die Kwartaal
## MEVROU MIETA VAN VUUREN

— Jolize van Schalkwyk

**Ons oud-Affie vir hierdie kwartaal is nie 'n bekende TV-persoonlikheid nie. Sy is wel 'n ware Affie in hart en siel wat ook 'n besondere Affie-driekuns behaal het: sy was 'n Affie-leerling, 'n Affie-ouer en is nou ook 'n Affie-onderwyseres. Sy is mev Mieta van Vuuren.**

Na skool het mev van Vuuren drama op Potchefstroom gaan swot nadat sy net sestien was toe sy gematrikuleer het. Sy is getroud voordat sy 21 was. Sy het op Vanderbijlpark en later by 'n tegniese skool skool gehou. Sy en haar man is die trotse ouers van drie dogters (van wie twee Affies was!)

Ek het 'n paar vrae i.v.m. haar skooljare (waartydens mej Steijn wat 'n groot invloed op haar gehad het, die skoolhoof was) en haar toekomsplanne aan haar gestel.

**Hoe het Juffrou-hulle verjaarsdag gevier in Affies?**

Soos wat julle nou balonne en blomme vir mekaar bring, het ons in die somer waatlemoen skool toe gebring wanneer iemand verjaar. Dit het nie saak gemaak waar jy vandaan gekom het en of jy met 'n fiets of 'n bus gery het nie — 'n waatlemoen het jy gebring! Ons het hom dan daar onder in die hoek waar die swartes se kamers nou is, geslag. Daar was so 'n groot ou populierboom met so 'n bankie daarby. Dit was natuurlik verbode terrein want daar was geen manier wat jy van daar af betyds kon wees na pouse nie. Ek het nou nog foto's van ons waatlemoenfeeste.

**Hoe was die verhouding met die Seunskool in daardie tyd?**

Daar was omrent geen verhouding en so te sê geen kontak nie. Die hoogtepunt van die jaar was om saam met die seuns met die trein Pilditch toe te ry. Dit was binne 'n oogwink verby, maar dit was steeds 'n hoogtepunt. Gedurende my st.6-9 jare het ons atletiekpunte saamgetel en niemand kon naby ons kom nie. Daar was nie iets soos 'n A-bond en al daardie goed nie. Wonderboom was ons grootste teenstanders. Daar was baie minder skole en skole soos Brits en die Rustenburgse landbouskool het Pilditch toe gekom. In my Matriekjaar het ons punte apart begin tel — Seuns Hoër kon toe net derde kom met hulle totaal.

**Wat kan Juffrou van die Kerkafsluiting onthou? Was dit toe ook so spesiaal soos nou?**

Dieselfde. Wat ek die meeste kan onthou is die pragtige geel glans wat deur die vensters kom wat dit laat lyk asof die dogters in 'n amper hemelse glans gebaai is. Die eerste keer wat ek weer by 'n kerkafsluiting was na Matriek, was in my oudste dogter se st.9-jaar in 1984. Op daardie spesifieke dag het my Afrikaans onderwyseres, wat ek absoluut aanbid het en wat ek nog steeds dink die ideale onderwyseres is, langs my gesit. Met die inskuifslag het sy my op my doopnaam (sy het geweier om my Mieta te noem) gegroet nadat ek al soveel jare uit die skool was. Dis sulke dinge wat 'n mens altyd sal onthou.

**Watter dinge van waarde sal Juffrou altyd bybly?**

Dinge wat julle vandag nog leer. As iets die moeite werd is om te doen, dan is dit die moeite werd om dit goed te doen. Dat 'n dame dinge fyn moet doen. Dat daar afronding moet wees, nie net in jou voorkoms nie, maar in alles wat jy doen. Ek dink dis die grootste boodskap wat hierdie baie spesiale skool uitdra. My man sê ek ly nog al die jare aan 'n Affiesindroom: alles moet perfek wees anders is dit nie goed genoeg nie. Wat my ook sal bybly is die vreugde van my vriendskappe. 'n Mens sluit by hierdie skool vriendskappe wat ek nie dink jy in 'n gemengde skool sou kon doen nie.

**Wat beplan Juffrou vir die toekoms?**

Ek wil reis. Ek was gelukkig om al heelwat te kon reis, maar ek wil graag nog meer reis. Ek is so bevoorreg om Amerika en Kanada aan die einde van die jaar saam met my man te kan besoek. Vooraf gaan ek ook 'n draai in Engeland maak. My doel is om elke dag te leef en nie 'n dag te mors nie. Ek dink as 'n mens so oud soos ek is, begin jy besef dat elke dag kosbaar is. As 'n mens jonk is, mors jy maklik 'n dag omdat jy mos baie het om te mors. Ek dink miskien ook omdat my suster haar man aan die begin van die jaar verloor het, het die lewe en die kwaliteit van die lewe vir my baie belangrik geword. Ek dink ook nie 'n mens se lewe het kwaliteit as jy nie naby aan jou Skepper leef nie — dis vir my baie belangrik. Ek wil elke dag die mooi sien wat Hy daargestel het en die boodskap daarvan uitdra aan die mense rondom my.

**REDAKSIE 1991**
**Redakteur:** Jacus Engelbrecht
**Sub-redakteur:** Johan van Huyssteen (Sport) en Abri Venter (Kultuur).
**Redaksielede:** Johan O'Kelly, Ulrich Kotzenberg, John-Louis Pretorius, Erich van der Linde, Johan Nel, Arno Louw, Jacques Fourie, Janneman du Buisson en Braam Naudé.
**Fotograwe:** Gustav van Rensburg, David Louw en Jacques Naudé.
**Redaktrise:** Denise Janse van Rensburg.
**Sub-redaktrise:** Dorette Boshoff en Johanneke vd Merwe.
**Redaksielede (St 10):** Ulla Botha, Lilanie Brenkman, Liezel de Beer, Friedie Jacobs en Jolize van Schalkwyk.
**Redaksielede (St 9):** Anina Boshoff, Therese Bentum, Marika Botha, Margerethe Jordaan, Annie Malan, Corli Schumann en Christel Wolmarans.
**Redaksielede (St 8):** Marelie du Plessis en Franél le Grange.
**Fotograwe:** Adine Roode en Nadia van der Walt.



*Die oudste lewende Rugbyspringbok, ds George Daneel, het die Seunskool aan die begin van die kwartaal toegespreek oor die verskil in rugby in sy speeldae en vandag. Volgens ds Daneel is die uitstaande verskille die openlike vuilspel en die groot bedrae geld betrokke. Hy het dan ook 'n geroep op die seuns gedoen om t.s.v. kompetisiedruk te alle tye sportmangees te openbaar. Op die foto verskyn vlnr: Dr Pierre Edwards; oom Frikkie van Zyl (Oud-Affie 1937); ds George Daneel (Springbok 1928-1932); en mnr TLP Kruger (hoof, AHS).*

# English Alliance

**Die "English Alliance" se primêre doel is om 'n liefde vir die Engelse taal aan te kweek. Of om dit in Affie-Afrikaans te stel, om die taal-tier totaal en al in elke Affie te laat ontwaak.**

Dit is egter 'n opdraande stryd om 'n liefde vir enigiets wat nie weerskante van Lynnwoodweg geleë is nie by Affies aan te kweek. Die onkruid is "woes en welig".

Tot dusvêr was die poging onder die bekwame leiding van mnr Koegelenberg (voorsitter) en mnr Nel (visevoorsitter) uiters geslaagd. Onlangs is 'n film, "Cinema Paradiso" bestudeer. Dit was 'n reuse sukses, en het veral die verskillende filmtegnieke en die taalkragtigheid van Engels aan die lig gebring. Die "Alliance" beplan 'n "English tea in the park" wat ook beloof om 'n sukses te wees. 'n "Poetry Reading" is ook in die pyplyn.

Hoekom aansluit? Die "English Alliance" is nie vir koshuiskarakters wat ten alle koste swot wil mis nie. Dit is ook nie net vir persone met sulke stringe akademiese balkies nie. Óf vir die "uitgehongerde monnik" wat sedert standerd vyf vas en nou graag weer 'n non van naderby wil sien nie.

Dit is egter vir almal wat méér van die Engelse taal en kultuur wil weet, en dit op 'n aangename manier wil agterkom. Juis daarom wil die hoofbestuur 'n uitnodiging aan veral Meisies Hoër rig om aan te sluit.

Sluit aan en verbaas jouself deur Affies met 'n intelligensie hoër as kamertemperatuur te ontmoet. Belangstellendes van beide koshuise is meer as welkom. 'n Aansluitingsfooi van R2 word vereis om kostes te dek, en is by Johan O'Kelly (AHS) en Hanlie van Breda (AHM) betaalbaar.

**— Neels Malan (Public Relations/Advertising**



*Daleen Geyser — verkies tot die N Tvl-skietspan.*



*Leani Schaffner — Mej Hoërskole '91.*



*"Back to school".*

# Republiekdag

**Die dertigste herdenking van Republiekwording is op Donderdag, 30 Mei, by die Seunskool gevier. Soos gewoonlik het die Affiemeisies om 12:00 by die seuns op Seunshoër se pawiljoen aangesluit.**

Die herdenking van Republiekwording stuur die gedagtes terug na middernag, 30 Mei 1961, toe die vestiging van die Republiek van Suid-Afrika aangekondig is deur die gebeier van kerkklokke dwarsdeur die land.

Na 51 jaar as 'n Unie en 'n lid van die Statebond, het die Republiek sy laaste konstitusionele bande met die Britse monargie verbreek.

Die geleentheidspreker, prof W Backer, 'n dosent in arbeidsverhoudinge aan die Randse Afrikaanse Universiteit, het in sy boodskap die klem laat val op die noodsaaklikheid om christelike beginsels te handhaaf in ons daaglikse omgang met mense — ongeag die eise en omstandighede van die tyd.

Dorette Boshoff en Denise J van Rensburg het saam met nog vier Affies (wat as Republiekeinse dekor gedien het!) 'n indrukwekkende vergelyking getref tussen 1961 en 1991.

Die program vir die geleentheid is deur mej Vink en die Geskiedenisklub beplan.

Nadat die prefekte kleurvolle ballonne die lug ingestuur het, is die dag volgens tradisie met die sing van "Die Stem" afgesluit.

**— Margerethe Jordaan**



## Noodhulp

*Hierdie noodhulpspan is voorwaar goeie "dokters" — van tandpyn tot spierpyn word deur hulle gedokter.*

**Agter vlnr:** *Anton Gildenhuys, Leon Fouche, Hendrik vd Berg.*
**Middel:** *Peter Sutton, Philippus Visser, Charl de Klerk (voorsitter), André Kriel, Andre du Plessis.*
**Voor:** *Francois Venter en Keith Jackson.*





*Idalette du Plessis is uitgenooi om in die derde kwartaal as solis saam met die Nasionale Simfonie-orkes in die Linder-ouditorium op te tree.*



*Kultuur-Kaleidoskoop — St.10*

# Comrades 1991

**Twee personeellede van Affies, dr Edwards en mnr Swart, het vanjaar weer die Comradesnaelloop van 90 km voltooi.**

Vir beide was dit weer eens 'n onvergeetlike ervaring wat moeilik verwoord kan word. Hulle het nietemin probeer om iets van die Comradesgedagte op papier te sit.


Vir buitestaanders is die Comrades waarskynlik die grootste georganiseerde byeenkoms van malmense ... en bes moontlik het hulle gelyk. Tussen Januarie en 31 Mei lê elke deelnemer ter voorbereiding enige iets tussen 500 en 2 500 km af — of jy nou 5-uur in die oggend of namiddag hardloop maak nie saak nie, jy moet die myle in jou pype kry. Na vyf maande se oefening breek 31 Mei 1991 eindelik aan. Saam met 14 000 ander deelnemers staan jy voor die stadsaal in Pietermaritzburg en wonder of jy Durban voor 17:00 gaan bereik.

Wanneer die bekende "Chariots of Fire"-temalied egter net voor sesuur gespeel word, neem die Comradesgees besit van jou. Kom wat wil, jy gaan klaarmaak!

Met die wegspring duur dit normaalweg tien minute voordat al die hardlopers verby die beginpunt beweeg. Vir die oorgrote meerderheid deelnemers is dit egter nie 'n probleem nie. Wat is tien minute nou as jy meer as 10 uur op die pad gaan wees? Dieselfde kan van die eerste helfte van die wedloop gesê word. Die meeste mense is in staat om met gereelde oefening 'n standaard marathon (42,2 km) te voltooi. Dit is egter die tweede helfte van die wedloop waar die "sports" begin. Baie min mense besef dat wanneer Bruce Fordyce of Nick Bester die wenpaal bereik, die oorgrote meerderheid deelnemers pas die halfpadmerk verby gesteek het. Vir die gemiddelde atleet is die Comrades dan ook nie 'n wedloop nie, maar 'n stryd teen jouself en veral teen pyn. Dit is nie om dowe neute dat daar gesê word dat die Comrades eers op 60 km begin nie. Op daardie stadium is die wedloop een groot VASBYT. Elke been en spier in jou liggaam is seer en jy is selfs keelvol, die Coke en sjokolade by die waterpunte, mooi meisies of te nie!

Op die een of ander manier druk jy egter deur na Durban waar 'n onvergeetlike ervaring op jou wag. Reeds 'n kilometer voor Kingsmeadstadion staan duisende mense bankvas langs die roete om die "oorlewendes" vir oulaas aan te moedig. Wanneer jy egter die stadion onderdeur die hoofpawiljoen binne strompel, ervaar jy iets wat met niks op aarde vergelyk kan word nie. Dis net 'n massamense waar jy kyk en almal moedig aan. Of jy nou wil of nie, maar jy versnel jou pas en lig jou kop om die laaste paar honderd meter op 'n drafstap af te lê. Asof in 'n droom, doem die wenpaal met die groot elektroniese horlosie skielik voor jou op. Jy druk jou stophorlosie en voor jy weet waar jy is, staan jy tussen die toeskouers met jou kosbare Comrades-medalje in die hand. Hoewel jy doodmoeg is, weet jy een ding: Volgende jaar, D.V., is jy terug!

Vir die rekord: mnr Swart het sedert Januarie ± 1 600 km afgelê en sy 4de Comrades in die baie goeie tyd van 8:06 voltooi. Dr Edwards het 600 km "geoefen" vir Comrades en sy derde medalje met 'n tyd van 10:19 verower.






*Vat weg die blik, ek gaan stik!*



*Groen laat my so blou voel.*





*Gina en haar eendjies.*




*"Body Mist kissed?"*







*Los my uit! Ek's besig om af te skryf.*



*"Bunk?" Wie ek? Nooit!*




AMOEBA-AANVAL






*"schnoedel poodle"*





*"101 sit-up ... 102 sit-up ..."*



*"Ek wil julle tande sien!"*








Ore, wat sien jy daar ver in die toekoms?




"Watch" daar, Boys!




Kyk net so 'n tong en tande!



*Moeilikheid, broer, moeilikheid.*



*En Schalk slaap ... steeds met sy baadjie aan.*





*Bulle, die pad lê oop — dis NOU of NOOIT!*



*"To be, or not to be — that is the question..."*



*'n Oog wat nie wyk, wat 'n bars kan kyk ...*



*En wat kyk jý?*



*Wat sê hy nou?*


*Kan 'n mens hom glo?*

*Aag, nou-ja!*

*"The Affie-boys are happy..."*



*"Hay, drop" dit!*



*"... And the Affie boys are free."*

# Lunsklip '91

**Stel jou voor: 23 Matrieks (12 seuns en 11 meisies) vir 10 dae alleen in die veld ... sonder enige kos ... en sonder enige toesig! Waar sal jy in vandag se samelewing 'n organisasie kry wat 'n groep tieners so aan hulle eie verantwoordelikheid oorlaat?**

Die Voortrekkers bied jaarliks aan 'n paar Matrieks, wat strawwe keuring moet ondergaan, hierdie wonderlike geleentheid — 'n geleentheid om vir 10 dae totaal op jouself, die groep en die natuur aangewese te wees. Gedurende hierdie tyd kry jy ook die kans om die kamp aan te val, kos in die veld te soek, 'n skuiling te bou, kilometers ver agter water aan te loop en te sorg dat niemand weet waar julle julle bevind nie.

Vanjaar het 5 Affies (Karen Billman, Dorette Boshoff, Kobus Brummer, Rudolf Rudman en Lucia van Wyk), die voorreg gehad om in die gesogte "Buitegroep" te wees — na 10 dae in die veld sou ons mede-Affies ons moeilik kon uitken! Vuil, brandmaer en heeltemal "bos", moes ons heeltemal teen ons sin weer die samelewing binnetree.

Om "Buitegroep" te beleef, is 'n onvergeetlike ervaring wat ons nader aan God, die natuur en ons mede-buitegroeplede gebring het ... voorwaar 'n onvergeetlike ervaring!

Lunsklip se "Selfbehoudkamp" bied ook ander moontlikhede. Matrieks kan, behalwe vir "Buitegroep", ook vir een van die volgende groepe gekeur word: "Kerngroep", "Noodweer" en "Bio-Alfa". Die st 9's doen 'n selfbehoudkursus waartydens hulle ook baie avonture in die veld beleef. In al hierdie ander groepe was die Affies ook sterk verteenwoordig. Lunsklip '91 is beslis 'n kamp wat elke Voortrekker wat dit beleef het, altyd sal bybly!

# AKPOL-Vasvra Wedstryd

**Op Vrydag, 26 April, het 10 leerlinge van die AHM aan die jaarlikse AKPOL-vasvrawedstryd, wat die jaar by die Hoërskool Montana aangebied is, deelgeneem.**

Die spanne het uit 5 lede elk bestaan en Affies het 'n Matriekspan sowel as 'n st.9-span ingeskryf. Die Matriekspan het bestaan uit Ulla Botha, Friedie Jacobs, Denise Janse van Rensburg, Johanneke van der Merwe en Hedwig Venter. Die standerd neges was Saskia Buning, Erica Blackman, Minette Steynberg, Sunelle Swanepoel en Dorette Visser.

Die onderwerp van die wedstryd was Eugene Marais. Die deelnemers moes 'n deeglike studie oor die veelsydige Afrikaanse skrywer se lewe en werk maak en elke span moes dan 'n vraestel met 50 vrae beantwoord. Die spanning het hoog geloop en onderlinge kompetisie tussen die skole was baie opmerklik.

Die eerste 3 plekke in die wedstryd tussen die A-spanne, sowel as die eerste 3 plekke in die B-spanafdeling het elke 'n borsbeeld van Eugene Marais ontvang. Daar het 21 A-spanne en 6 B-spanne deelgeneem.

Die wenners in die A-spanafdeling was die Hoërskool Menlopark en in die B-spanafdeling het die Hoërskool Silverton met die louere weggestap. Die Affiespanne het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt en die AHM Matriekspan het 'n vierde plek in die A-spanafdeling behaal.

# AHM sê ja vir geslote sokkies

**Na aanleiding van 'n meningsopname wat na die geslote sokkies onder sowat 200 leerlinge van AHM gedoen is, blyk dit dat 68% van die leerlinge geslote sokkies bo oop sokkies verkies.**

Die meeste van hulle meen dat die verskil in die feit lê dat almal mekaar ken en dat niks ongehoords gebeur nie.

Die leerlinge het hulle ook sterk teen die gebruik van drank tydens sokkies uitgespreek en slegs 4% meen dat rook op die terrein toegelaat moet word.

Almal glo dat 'n mate van toesig nodig is, maar min voel dat ouers wat met flitse rondtes doen, van pas of suksesvol is.

Hoe dit ookal sy, so te sê 'n 100% van die ondervraagdes het baie van die afgelope, geslote sokkie gehou — ook die musiek wat deur ander mense as gewoonlik behartig is.

'n Baie konstruktiewe voorstel, wat miskien as middeweg tussen geslote en oop sokkies kan dien, is dat een of twee skole vir 'n spesifieke sokkie genooi moet word, sodat daar steeds baie mense, maar ook beter kontrole is.

**— Anina Boshoff**




# K U L T U U R

## Hoofleierswag


**'n Voortrekker sluit sy verkennerjare af deur die Hoofleierswageksamen af te lê. Die eksamen handel oor al die werk wat hy as Verkenner gedoen het, wat strek oor 'n tydperk van vyf jaar.**

Elke jaar word hierdie eksamen landswyd afgeneem om al die Verkenners te toets. Dis 'n moeilike eksamen waarvoor daar goed voorberei moet word. As 'n Verkenner hierdie eksamen baie goed slaag, word hy uitgenooi na die Presidentsverkennerskamp waar hy dan verder getoets word. Affies wens almal wat na hierdie kamp in die vakansie uitgenooi is, alle sterkte toe.

Gelukwensinge aan al die Verkenners wat die Hoofleierswag geslaag het, nl Dorette Boshoff, Lucia van Wyk, Karen Billman, Friedie Jacobs, Hensie Marais, Jeanette de Bruyn, Liezel Cross, Liezl van Rooyen, Heidi-Lize Scoltz, Michelle Plews, Abri Venter, Kobus Brummer, Rudolf Rudman, Eugene Olivier, Erich van der Linde en Francois Grobler.







*Martin Coetzer — Redakteur van "Die Ruiter".*

## MJ stal uit

**MJ Lourens (matriek) se tweede kunsuitstalling was op die 27ste Maart.**

MJ is een van AHS se belowendste kunsstudente en hy beoog om sy loopbaan in die kunste voort te sit. Sy eerste uitstalling is by sy huis gehou en was 'n klinkende sukses.

MJ het 'n unieke styl met sterk ondertone van Art' Nouveau.

## Sokkies

— Johan O'Kelly

**Tradisioneel val dit elke standerd nege-groep te beurt om fondse in te samel vir die veelbesproke matriekafskeid. 'n Geleentheid wat elke jaar die grondslag uitmaak van so 'n fondsinsameling, is die sokkies wat om dié beurt by AHS en AHMP gehou word.**

'n Groot vraag wat by die organiseerders van sulke sokkies spook is: "Moet sokkies sogenaamde "oop" of "geslote" etikete dra?" Hiermee word gevra of 'n sokkie, by enige skool "oop" vir alle leerlinge in Pretoria of "geslote", slegs vir die leerlinge in Seuns en Meisies Hoër, moet wees.

Die neiging by Seunshoër is om hul sokkies, óf die meeste daarvan, oop te hou vir alle skole. Weens die mislukking van 'n identiteitskaartjiesisteem, waar bepaal is dat slegs leerlinge van AHS die sokkie mag bywoon, saam met hul metgesellin natuurlik, is die vraag oor "oop" of "geslote" sokkies liefs eerder aan die organiserende standerdgroep oorgelaat. Daar is egter 'n voorwaarde gestel dat wanneer 'n Affie, 'n vriend of vriendin sou saamneem na so 'n "oop" sokkie, dan is die Affie verantwoordelik vir dié persoon. Hierdie voorwaarde het meegebring dat sommige Affies eerder alleen 'n sokkie sou bywoon en kyk wat die aand mag oplewer as om opgeskeep te sit met so 'n verantwoordelikheid.

Die nut van die voorwaarde word egter raakgesien, omdat "gommies" soos mnr Van Rooyen altyd sê, weggehou word van die sokkies.

Die besluit omtrent die aard van 'n sokkie, moet eerder dan liefs aan die leerlinge en dié betrokke skool oorgelaat word wat die sokkie aanbied.

## *Olimpiades "Galore"*

— Johan van Huysteen

**Tydens die afgelope kwartaal het daar 'n aantal seuns die beste van hul verstandelike vermoëns gebruik gemaak terwyl hulle verskeie moeilike olimpiades aangedurf het.**

Baie is totaal gefnuik, terwyl ander weer puik presteer het om Affies se lig na buite te dra. Daar was om die beurt met die Sasol- en Ou-Mutual wiskunde olimpiades, die Afrikaans-olimpiade, Geskiedenis-olimpiade, asook die Rekenaar-olimpiade gespook deur leerlinge van st 6 tot matriek.

**Die Wiskunde Olimpiades:**

Daar was hierdie jaar twee olimpiades: eerstens die Sasol-Wiskunde Olimpiade wat deur seuns van st 6 tot st 9 aangedurf is. Tweedens het matriekleerlinge probeer kop bo water hou in die Ou Mutual-Wiskunde olimpiade vir seniors.

1. **Die Sasol-olimpiade:** Min of meer 35 standerd sesse het hieraan deelgeneem waarvan twee deurgedring het na die finale, landswye rondte: Jac Joubert en Keith Jackson.

Omtrent 30 standerd sewes het geskryf, van wie twee na die finale rondte deurgedring het: Dawie Booysen en Christiaan Erasmus.

Ongeveer 20 standerd agts het geskryf, en die wat na die finale rondte deurgedring het: Kepler Geertsema en Richard Franklin.

Onder die standerd neges het slegs tien die moed gehad om hierdie stryd aan te pak. Vier van hierdie seuns het deurgedring na die finale rondte: Jan-Hendrik Kruger, Paul Potgieter, Jaco Cloete en Anton Gildenhuys.

2. **Ou Mutual Olimpiade:** Slegs nege matrieks het die moed en durf gehad om hierdie monster van 'n toets aan te pak. Die uitslae is egter nog nie bekend nie.

**Die Geskiedenis olimpiade:**

22 Matrieks het op Dinsdag 21 Mei probeer om die geskiedenis in hul gedagtes te ontrafel, tydens hulle deelname aan vanjaar se Geskiedenis Olimpiade. Die uitslae moet egter nog bekendgestel word.

**Die Afrikaans olimpiade:**

Op Woensdag, 15 Mei het 31 seuns van st 8 tot matriek probeer om die taalkwessies in die Afrikaans Olimpiade te ontsyfer. Ook vir hierdie olimpiade is die uitslae nog nie bekend nie.

**Die Rekenaar olimpiade:**

Op Vrydag, 19 April, het 24 leerlinge in 14 afsonderlike spanne, in die skool se rekenaarsentrum bymekaargekom om die vyf probleme van die Rekenaar Olimpiade se oplossings te probeer kodeer in rekenaartaal. Vir baie was dit slegs goeie ondervinding, onderwyl hulle tevergeefs probeer het. Verskeie het egter goed presteer:

- David Butler en Martin Coetzer (albei matriek) het as 'n span deelgeneem, en het deurgedring na die finale rondte in Kaapstad, tydens die Julie-vakansie (slegs die beste 10 inskrywings landwyd gaan na hierdie finale rondte).
- Die tweede beste presteerders in die skool was die Matriekspan van Paul van Helden en Diederik de Roos.
- Die derde beste presteerder in die skool, was Richard Franklin.

## Olimpiese feite

**Om goed te vaar in Olimpiade verg:**

— Deelname: jy moet self daar wees;

— Voorbereiding: dit is nodig om 'n kennis van Afrikaans, Wiskunde, Skeinat, Biologie, Geskiedenis, Huishoudkunde en/of Rekeningkunde te hê.

— Volharding: moenie na 'n kwartier opstaan om 'n roomys te gaan koop nie.

— Selfvertroue: glo dat jy al die antwoorde weet.

— Morele ondersteuning: gerustheid wanneer jy sien jou maat sukkel ook of is besig om haar uitveër te hervorm.

— 'n Vol maag: gelukkig het jy as Olimpiadeganger die koor ondersteun en vier sjokolades deur die dag verorber.

**— Corlie Schumann**

## *'n Johannesburgse hoogtepunt*

**— MJ Lourens**

**Nie baie mense kan 'n TWEE-kuns in 'n Skoolkoerant behaal nie, veral nie 'n lewende kunstenaar nie.**

Mnr Roux het dit pas vermag. "Gallery on the Market" was die publieke hoogtepunt waarna mnr Roux gesoek het en 26 Januarie het die Johannesburgse bekendstelling daarvoor gesorg.

Vir 'n Pretoriaanse kunstenaar het Roux baie vermag om in so 'n kort tyd sy werke aan die "Goudstaffers" bekend te stel en daarvoor was The Gallery on the Market ideaal genoeg. Die galery is redelik verwyderd van die middestad en beskik oor 'n reuse parkeerterrein met gemaklike roetes om dit te bereik. Nog iets wat baie mense gelok het, was die Market Theatre wat in eksperimentele teater spesialiseer.

Alhoewel die besoekers min was in vergelyking met vorige uitstallings, het ek agtergekom dat die meerderheid 'n meer volwasse benadering tot mnr Jaco Roux se werk geopenbaar het.

Weer het die dorre landskappe van 'n vergete Noord-Transvaalse-streek op die muur uitgeblink. Die werk was tot op só 'n punt ontwikkel dat dit werd was om deur die oë van Johannesburgers gesien te word.

'n Belangrike eienskap van die uitstalling was dat nie baie werke vinnig verkoop het nie, maar dat 'n publieke groep van Johannesburg sy naam en werk leer ken het.


'n Goeie ruggraat vir die toekoms.

## Om in st.6 te wees is om ...


— te dink jy het baie leerwerk wanneer jy 30 bladsye in die handboek moet leer.
— opgewonde te raak oor 'n sosiaal saam met die Seunskool.
— "cool" te probeer lyk, maar dit nie altyd reg te kry nie.
— bekommerd te wees oor waar die datum in 'n mens se skrif moet staan.
— te wonder hoekom jy veronderstel is om iets nie te doen nie as die Matrieks dit dan mag doen.
— om uit te sien na die Republiekdagviering by die Seunskool.
— die woorde "st.6!!!!" te haat.
— jou voor te neem dat jy nooit so mislik met die st.sesse sal wees wanneer jy in Matriek is nie — net om in st.7 van hierdie voorneme te vergeet.
— om 'n "doughnut"-verkoping te hou en 'n verlies te maak.

## In die Afrikaanse klas


**Die st.9's het 'n paar nuwe vaste verbindings met s.nwe "ontdek":**
Sporadiese ... fungus
Lommerryke ... tuin
'n Onbekookte ... eier
'n Onbewimpelde ... bewimpeling
'n Guitige ... akkedis
'n Balsemende ... mummie
'n Erbarmlike ... Samaritaan
'n Onbesuisde ... wind
'n Ontredderde ... oorlewende
'n Bruuske ... "brute"
'n Onomstootlike ... pilaar
Tentatiewe ... tentakels
'n Lugtige ... "air"/"image"
'n Onmiskenbare ... bekende.




— Denise, Niki, Carli en Annelie




## 'n Moderne weergawe van HUMPTY DUMPTY



*'n Affie-meisie sit op die rak*
*Haar vorige ou was 'n lae lak.*
*Hy was bekend as die berugte Freek*
*en het op 'n sokkie haar hart gebreek.*
*Juffrou Venter en die personeel kom bymekaar,*
*maar kan ongelukkig niks doen vir haar.*
*Hulle het toe besluit om maar wraak te neem —*
*dáárom is ons nou van ouens vervreem!*

# Koshuissosiaal

— Niekie H

**Verstommend! Die braaivleis en sokkie sal opmaak vir die verlore swôt. Wel, dit is beter as om te swôt, is dit nie?**

Die gelukkiges onder ons het met mening uitgesien na die aand, terwyl die minder gelukkiges gehoop het iemand sien haar raak (met apologie aan die meeste Matrieks) of dat sy darem iets te ete kry as almal die tafels stormloop.

Vir die sokkie is ons oor na die Seunskoshuis toe. Die beligting was uiters aangenaam (met verwysing na Annelie en Ben ... en al die ander) en die musiek was regtig 'n dapper poging. "Unchained Melody" was natuurlik nommer een op die top vyf!

Wat 'n hartseer saak toe die uurglas uiteindelik leegloop! Jy kon vir 'n laaste keer beweeg op "Unchained Melody" of sommer maar op die plek rondtrap as niemand jou wou "ondersteun" nie.


Is so 'n sosiaal suksesvol? Definitief! Veral as jy 'n Affie met 'n gesonde eetlus is ...

## Affie-dis-my-Land

A 1. Arnold Kruger
Chris Schwarzenegger
2. Sylvester Swart
Leonard Stallone.
3. Ettiene Duck
Donald Burger.
4. Tom Kriek
Carel Cruise.
5. Mighty van Rooyen
Poerie Mouse.
6. Levinia le Roux
Tertia Heksie.

B *In die Wetenskap ("slowgo") klas:*
*Meneer Doep: Vandag skryf ek jou naam op!*
*Eswee: As meneer vandag my naam opskryf, praat ek nooit weer met meneer nie.*

C Stel jou voor:
— Johan van Huysteen wat Stroom-op berigte self skryf.
— Ogies sonder Bekkie (né Peter ...)
— John-Louis met 'n ?
— Alec met 'n A.
— Geringer sonder sy Image.




# Koshuis nagmerrie

— Erlo Rust & Christoffel Breytenbach

**Dis Sondagaand om-en-by 20:00 en ek lê onrustig voor die televisie en rondrol, want ek weet ... TOETS!! Môre skryf ons daardie vervlakste koshuistoets. Ek slaap die nag nog onrustig ook, met daardie selfde gevoel in my.**

Die koshuis is omskep in 'n nagmerrie wêreld van groot stutte (Meester Proppie Schalk) 'n skoppende senter (Meester Bennie) en 'n bokser (Meester Eswee). Gaan ek ook deur daardie dik man met die wit hare verskreeu word? Gedurende die breek pak ek meester Schalk se kamer reg en word amper verskreeu omdat sy rugbytrui nie op sy plek is nie óf omdat sy kas nie reggepak is nie: Dan hoor jy ook nog: "Jy raak nou weer lekker tuis, né!"

**Gehoor in die personeelkamer:**
*"Ek is 'n vreeslike atletiese bakster — die koeke wat ek bak, lyk almal soos diskusse!"*

*"Hierdie Snoepie werk op 'n kommunistiese basis — 'n mens hoef nie bekommerd te wees oor wat jy moet kies nie. Daar is net een soort "chips" — "kaas en uie". Wanneer jy daar aankom, hoef jy net "een, asb." of "twee, asb." te sê!"*

*St.6-sangonderwyseres aan st.6-huishoudkunde-onderwyseresse:*
*"Ons moet 'n bietjie een aand 'n kook-en-sang-aand hou!"*

**Gehoor in die Latynklas:**
*"Bly stil, Einstein!"*
*"As sy Einstein is, is ek Frankenstein!"*

**Woorde wat maar kon gebly het:**
*"Die dag wanneer die HELE klas die HELE periode by is, doen ek vir julle 'n "tap dance" op die tafel!"*
*Reaksie op bg dreigement (wat nog uitgevoer moet word): "As Juffrou nou net een iets uit hierdie episode geleer het, is dit dat 'n mens nie sommer enigiets belowe nie!"*

# St.6 Koshuislewe

**(Vervolg)**

Ons sal meester Schalk altyd onthou vir sy "Gerda, meester Schalk is lief vir jou", meester Proppie wat soek na "Baby Herman" of "Kom net!", meester Eswee wat altyd in ons kamers kom kuier vir 'n bietjie kos en meester Bennie wat vra "Klop jy nie?". Meester Francois met sy robgesig.

Die minute tik af na daardie afskuwelike toets. Die afwagting op jou punt is groot en dan nog daardie vrees as jy druip. Die koshuis verlaat sal dan die enigste uitweg wees, maar by die skool gaan daardie bulderende stem jou soek en as hy jou kry, gaan hy jou vermorsel (vra maar vir Dumbo). Dink net om 5:40 op te staan en vir 20 minute die studiesaal in eensaamheid skoon te maak ... silwerskoon! En moenie eers daaraan dink om gedurende die breuk, die meesters se kamer te verlaat nie. Brulle word elke nou en dan uit die onderhoofseun se kamer gehoor — "Al Debbo", hoor ons, "kom hier ... ek sal jou aanrand!"

Uiteindelik breek Vrydagoggend aan, die enigste oggend waarop jy nie lui is om op te staan nie. Dan kan jy nie wag dat die periodes gou genoeg verbygaan, sodat jy kan huis toe gaan nie. Die naweek is vol vreugde, maar ook met die hartseer — Maandag sal weer kom ...!

# 'n Affiekoei!(?)

Denise J van Rensburg

**Gee pad, bioloë; staan opsy, navorsers — as die st.6 wat die beskrywing van 'n koei gegee het, "groot" is, gaan die mediese wetenskap met rasse skrede verander!**

**Die Koei**

Die koei is 'n soogdier. Hy is ook 'n huisdier. 'n Koei is oral. 'n Koei het 'n baie fyn "ruik" — jy kan hom oor die hele plaas ruik. Agter sit die stert. Aan die een kant van die stert sit die punt van die stert wat die kwas genoem word en aan die ander kant sit die koei. Die koei gebruik die kwas om die vlieë van haar weg te hou, anders val hulle in die melk. Voor aan die koei sit die kop. Daar groei die horings. Tussen die stert en die kop sit die koei. Die koei is oorgetrek met 'n beesvel. Onder aan die koei hang die melk. Dit is so ingerig dat as jy daaraan trek, kom die melk. As daar donderweer in die lug is, is die melk suur. Die man van 'n koei is 'n os. Verder weet ek niks.

Wie het gesê Affies het nie vindingryke en intelligente Tjorre nie?

# Etende & Spelende ...





# SPORT



## SENSASIONEEL? SASOL!

— Lilanie Brenkman

**Op die 22ste Maart het dertien Affie-atlete die lang pad Sasolburg toe aangedurf, nadat hulle deurgedring het na die eindrondte van die Sasol Atletiek-byeenkoms.**

Hierdie is 'n landswye kompetisie en geen moeite is ontsien nie. Die veertien dogter- en seunspanne is van sweethende, sakke en T-hempies, wonderlike maaltye en 'n vriendelike voog voorsien.

Saterdagoggend het koud deur Sasol se rook gebreek (of is dit nou mis, Hedwig?). Nietemin het die Affies, gewapen met die beste afrigter en voog (mev Raath en mej du Plooy), en 'n paar komberse asook baie "Dirkie"-kondensmelk, die atletiekveld angstig bestorm.

Deur die dag is skitter atletiek gelewer en die Affies het 'n goeie gemiddeld gehandhaaf, nl ongeveer vierde of vyfde plekke. Alhoewel ons sonder twyfel ons beste prestasies gelewer het, kon niks ons voorberei op die finale puntestand nie.

Die eerste skok (of verrassing) het gekom met die prysuitdeling vir die onderskeie ouderdomsgroepe. Affies se O/17 groep het loshande gewen (dis eintlik nie vreemd as in ag geneem word dat nege van ons onder sewentien is nie!) Daarna is die finale puntestand gelees. Die seuns het natuurlik gejuig toe ons nie laaste was nie. Die Hoërskool Pietersburg was derde, maar niemand het die naam van die tweede skool gehoor nie, omdat die gejuig van die Affies oorverdowend was!

As 'n mens 'n uitsondering kan maak, kan ons vir Suzanne Cullen geluk sê met haar goue medalje. Die Affies het egter as 'n geheel puik presteer. Dit was 'n wonderlike afsluiting van die skole-atletiekseisoen en ons hoop volgende jaar is net so puik!

## Netbal 1991


— Lilanie Brenkman


**Ondanks koue oggende, baie geskeurde ligamente en nerf-af knieë, het die netbal van 1991 besonder goed verloop.**

Die seisoen het afgeskop met 'n netbalkursus te Rustenburg, wat deur die senior A-span die onder 16A's en die onder 15 A's, vergesel deur juffroue van der Spuy, Cloete en Vink bygewoon is. Die kursus was baie leersaam maar ook pynlik (sommige van ons kan nou nog nie lekker loop nie!)

Die Maandag voor die eerste ligawedstryd het mev Louise du Plessis finale afrondingswerk kom doen aan die groep geesdriftiges, om hulle slaggereed te maak vir FH Odendaal. Alle oë was op die Seniors, die O/16 A's en O/15 A's, en die seisoen het met strawwe wedstryde begin. Deur die seisoen is pragtige netbal gespeel, en ons wens graag die onder 15 A's en 16 A's sterkte toe met die Noord-Transvaal uitspeelwedstryde wat volg.

Ek is seker almal het die Affies se mooi gedrag en sportmanskap waardeer en ek hoop ons sien volgende jaar nog meer Affies en hul ouers langs die bane. Dankie vir al die onderwyseresse se ondersteuning, asook die paar groengeklede aanhangers!






## Die Hokkiekomplot

**Met blou kolle as herinnering, is 1991 se hokkieseisoen vinnig besig om ten einde te snel.**

Die Affies het soos gewoonlik alles in elke wedstryd ingesit. Ongelukkig is dit huidiglik net die eerste span en die O/15 A's wat werklik 'n kans staan om as ligawenners uit die stryd te tree.

Die eerste span het al hulle wedstryde gewen behalwe die een teen Menlopark wat hulle gelykop gespeel het. Die O/15's moes die knie buig voor Menlopark en Waterkloof. Hulle is egter deur na die kwarteindronte. Baie geluk!

Baie dankie vir elke Affie se deelname. Alhoewel almal nie kon wen nie, weet ons dit gaan oor die gees van die sport! Baie dankie aan al die afrigters vir hulle tyd, geduld en ondersteuning tydens die 1991-seisoen. Ons sien uit na feestelike hokkie in 1992!



*Nelce van der Westhuizen en Marleen Zarrabi word beide verkies tot die O/16 Hokkie-Noord-Transvaal-oefengroep.*

## *Landloop? Pretloop!*

— Lilanie Brenkman

**Wie sou nou ooit kon dink dat enige Affie-atlete hulle "spikes en tartan" vir stofpaaie en gras sou verrruil?**


Wel, met die atletiek agter die rug en niks beters om te doen nie, het die Affies begin bulte, teerpaaie en landlooproetes aandurf.

Maar dit bly toe ook nie by oefen nie! Gedurende die kwartaal het ons al aan die straatmyl en talle pretdrafkompetisies deelgeneem, asook die uitdunne vir die Direkteurstrofee en die SA Skole uitklop-finaal.

Ons wens dan ook die senior span baie sterkte toe — hulle het 'n tweede plek in Noord-Transvaal behaal en vertrek die 11de Julie na Amanzimtoti vir die SA-Finaal.

Die Junior en Senior span dring dan ook deur na die Direkteurstrofeefinaal te Potchefstroom op die 29ste Junie. Buiten hierdie prestasie het vier van ons atlete ook reeds hul Noord-Transvaalkleure behaal, nl Hedwig Venter, Marie-Louise du Toit, Marlie Basson en Suzanne Cullen.

Baie geluk, ons is trots op julle! Miskien is dié landloop net die regte kuur om die winterspek in die wiele te ry óf hoe?



*Liezel Vlok in O/15 netbalspeelster behaal die puik prestasie om as lid van die O/19 eerste netbalspan van Noord-Transvaal gekies te word. Baie geluk!*



**Van links:** *Lilanie Brenkman, Hedwig Venter, Marlie Basson en Marie-Louise du Toit.*


Danie Smit

U vriendelike handelaar

Mobil

With us you are Number One
By ons is jy Nommer Een

D & J Dienstasie Bpk
Kerkstraat 456
PRETORIA-WES
Tel: 79-9071/2

Karwas 7 dae week, flink en vriendelike bediening

Herstel van bande 24 uur. Stoomskoon Onderdele

Bosveldhout en Hardekool


BRANDSTOF & SIGARETTE
- 24 UUR

Betaal per tjek - reël by voorbaat
PRETORIUM TRUST - P.S.M.B.A. -
BONUS - BUY-AID
KOOPKRAG -

Mobil


Mobil

DK 31/8/90








*Trevor Jobe, slot, O/15 N Tvl-ligawenspan, Direkteurstrofee. Hierdie vurige mannetjie dra sy wit trui met trots en stuit vir niks en niemand.*




*Alec Strydom, eers agsteman, tans losskopflank en lid van die N Tvl-ligawenners en Direkteurspankombinasie, dis oók N Tvl Hoërskole A-spanlid. 'n Harde speler.*




*Philip Roesch, losskakel en 'n spanlid van die N Tvl-ligawenspanne O/13A, O/14A, O/15A en O/15 Direkteurstrofee. Hy speel vanaf 1990 vir die eerstes met sy taktiese spel.*



*Bennie Botes, senter of losskakel. Hierdie vinnige mannetjie speel reeds twee jaar agtereenvolgens vir die Wit Bulle en die N Tvl Hoërskole spanne. Sy skopvoet kan nog die direkteurstrofee huistoe bring om nie eers te praat van sy "kalme" optrede en motivering nie.*




*Peter Jackson, haker, met 'n baie vinnige haakvoet. Speel reeds vanaf O/13A in die N-Tvl en Direkteurstrofeewenspanne, ook in die N Tvl Hoërskole A-span.*



**Spanner**

*11. André Ferreira (nié Spanner) blitsige vleuel. N Tvl A span '91 "Guts" staan in hoofletters op sy voorkop geskrywe.*



*Stefan Shires, agsteman, vanaf O/13A deel van die wenkombinasie. Hierdie kranige sportman is ook 'n atletiek- en krieketster. Hy is 'n skouspelagtige, betroubare speler met baie dryfkrag.*

# Eerste rugbyspan -WIT BULLE-

**Hierdie span se aanslag op 1991 se Direkteurstrofee het reeds in 1987 sy ontstaan gehad toe 10-spanlede in die N Tvl ligawenspan gespeel het.**

In 1989 kom nog een lid by sodat hulle ook die O/15-Direkteurstrofee kon inpalm met 'n fenominale 1 327 punte en slegs 33 punte teen hulle aangeteken.


| TANS: AHS | | Opponente |
|---|---|---|
| 9 | Hugenote | 9 |
| 12 | Hans Moore | 11 |
| 9 | Hts Louis Botha | 3 |
| 33 | Oakdale Landbou | 9 |
| 15 | Hts Middelburg | 6 |
| 27 | FH Odendaal | 15 |
| 37 | Wagpos | 6 |
| 13 | Menlopark | 3 |
| 12 | Waterkloof | 6 |
| 19 | Verwoerdburg | 0 |
| 15 | Eldoraigne | 6 |
| 28 | Boys High | 3 |

A-area wenners.

Met enkele statistiek soos dat Schalk de Lange (N Tvl C-span), Peter Jackson en Theo Buys (N Tvl A-span) reeds vir 60 wedstryde 'n gedugte wenkombinasie is, is die puik bewese suksesse verstaanbaar. So óók het Alex Strydom en John Louis Pretorius 50 wedstryde saamgespeel.


# Affies druk die drieë — (Kwarteind)

**A.H.S. 30, Overkruin 3**



**Prop! Theo Buys**


*Theo Buys, vasskopskut, en lid van die O/13A, O/14A, O/15A N Tvl-ligawenspanne en Direkteurstrofee ('89 vanaf 1990 'n Wit Bul en speel N Tvl C-span ('90) en N-Tvl Hoërskole A-span ('91). Stewig en vas op sy voete soos sy bynaam, Badproppie aandui.*




*JP du Plooy, skrumskakel rats en vol dryfkrag. Skitterend aangepas en baie werd in die agterlyn.*




*JP Grobler, slot, vonds vanaf Paul Roos Gimnasium te Stellenbosch. Hierdie lang, lenige speler speel vanaf 1990 in die eerste en tweede spanne en vanaf 1991 tien wedstryde in die Wit Bulle-span.*



*Johan Steyn, heelagter en wenspannelid vanaf 1987. 'n Veilige en betroubare spanmaat. 'n Ware staatmaker wat baie vertroue inboesem by sy spanmaats.*




*Johann Geringer, regtervleuel, en deel van die wenkombinasie vanaf 1987. Hierdie puik atleet is natuurlik 'n onvoorspelbare kalant vir sy opponente.*




*John Louis Pretorius, flank O/13A, O/14A en O/15A N Tvl wenspanlid en O/15 Direkteurs-trofeewenspanlid. Eerstes 1990-1991: as hy jou "getackle" het moet jy water kry.*




*Benito Myburgh, senter wat ook die voorreg van wen die afgelope vier jaar gesmaak het. Hy speel ook vir die N Tvl Hoërskole A-span. Skitterend ontwikkel vanaf 'n O/13 flank tot 'n provinsiale senter.*



*Mnr Poerie van Rooyen, self 'n kranige speler en afrigter. Speel 1974-'76 vir die Pukke se eerstespan; '74-'75 Wes-Tvl O/20; '79 SWD. In 1988 word mnr Van Rooyen as N Tvl Skole Keurder verkies en vanaf 1990-1991 is hy die N Tvl Hoërskole afrigter.*



*Schalk de Lange (kaptein), die losskopstut wat 'n sterk vegtersgees openbaar deur sy leiding en navolgenswaardige spel. Kaptein reeds van O/13A, O/14A en O/15A. Hy speel ook vir N Tvl Hoërskole C-span.*



**Die Hoof**

*Mnr Kruger, voorsitter van die N Tvl Skole Sameroeper en Keurkomitee was ook 1960 N Tvl O/19 en O Tvl Senior 1970-1973.*



*Mnr Kruger se wenk vir die vaste vyf: van 'n goeie vaste voorspeler word verwag om saam met die losvoorspelers, eerste by die losspel te wees nadat hy sy vaste werk gedoen het.*

## Sportsnippers

**Bernard Odendaal**

1988 - begin met kadette in st 6.


1989 - word tumboermajoor en slaag instrukteurskursus gedurende st 7.

1990 - verwissel van skole, word lid van AHS drilpeloton wat naaswenners was in Wesstreekkompetisie in st 8.

1991 - word gekeur vir Nasionale Prestige Kadetavontuurkursus - lid van drilpeloton.

**Barend Joubert**

- Tweede kwalifiseerder in 1990 "Champion of Champions" Formula K.
- Eindig derde in klubwedren Klas 100 Internasionaal op 17 Maart 1991.
- Wenner van die eerste been in die Transvaal Kampioenskappe 1991.



*CRAIG FRANKLIN*
*Craig het derde op die Senior Sabé Kampioenskappe gekom waar hy Transvaalkleure verwerf het. As Transvaalspanlid gaan Craig gedurende Julie-maand aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe deelneem.*

# Raar maar Waar!

**Affies se O/15 A-rugbyspan beleef tans een van daardie rugbyseisoene wat 'n mens normaalweg onder die "Raar, maar waar"-opskrifte aantref.**

In veertien wedstryde het hulle reeds sewentig drieë gedruk; 'n gemiddeld van vyf per wedstryd! Die merkwaardigste is egter dat dit geen superspan is nie. Trouens, die span het al vier keer hierdie seisoen verloor en tweede in hul liga geëindig. Tog lok hulle steeds die toeskouers met hul avontuurlike benadering tot die spel.

Wat ook merkwaardig is, is dat twee van die span se wedstryde teen bekende hoërskole net na rustyd deur die skeidsregter gestaak is! In beide gevalle was die telling reeds 40-0 in Affies se guns.

Die twee afrigters, dr Pierre Edwards en mnr At Oosthuizen, is heel filosofies oor hul span se "gemengde" welslae. Hulle is tevrede solank die seuns hardlooprugby speel en die spel geniet.

Dr Edwards verwys graag na 'n gesegde van 'n wêreldberoemde Nederlandse hokkie-afrigter:

*"Om die spel te speel is goed*
*Om te wen is beter*
*Om dit alles te geniet is die beste!"*

# LANDLOOP

**Die Affies het uit die staanspoor gewys dat die harde oefeninge goeie vrugte afgewerp het. Na proewe is die skolespan gekies en op Woensdag, 5 Junie neem hul deel te Hoërskool Zwartkops aan die Direkteurstrofee uitdunne en SA-Skole finaal.**

Vir die eerste keer sedert 1985 het dié Affies na die Direkteurstrofeefinaal te Potchefstroom deurgedring. Die prestasie is noemenswaardig aangesien die juniors sowel as die seniors na die SA-skole finaal deurgedring het en gedurende die vakansie in Amanzimtoti gaan kragte meet.

Rudy Gunter en Chris de la Rey het ook die N Tvl-span gehaal.


Die Direkteurstrofeespanne is: Seniors: Rudy Gunter, Andre du Toit (Kaptein), Dewald Els, Stephen Louw, Braam van Rensburg en Eben van Well. Die juniors is: Francois Strydom (Kaptein), Chris de la Rey, Sakkie Venter, Hendrik Tryhou, Tobie Meyer en Hennie Botha.

Vir die SA-skole kompetisie sal die eersgenoemde vier atlete in elke span na die finaal gaan om deel te neem.

Mnr Hennie Kotze en dié atlete doen stil-stil hul ding en oes só hul eer in! Die Affies hou hierdie Affie-trots dop.

**— Andre du Toit**

# SPORT



*Die tweede gholfspan, die eerstes was af om hul dryfhoue te oefen. Vlnr: Gustav van Rensburg, Eswee Prinsloo, Janneman du Buisson en Willem Burger.*

## Affies hét 'n Gholfspan

**Baie Affies het seker al gehoor dat Affies ook 'n gholfspan het, maar oor die bedrywighede en uitslae is almal nie te seker nie.**

Die A-span is: Melt van der Spuy, Nico Kruger, Dieter Burger en Martin Maritz.

Die B-span is: Werner van Niekerk, Gustav van Rensburg, Willem Burger en Eswee Prinsloo.

Die twee spanne het reeds aan verskeie kompetisies deelgeneem en besonder goed gevaar. Menlopark, Erasmus, Die Wilgers en Waterkloof het al goed kennisgemaak met die Affies se vernuftige spel.

Die A-span is steeds onoorwonne in hul liga. Die B-span het ongelukkig een keer die knie moes buig. Die A-span oefen ook baie hard om die N Tvl-liga in te palm.

— **J v Huyssteen en M vd Spuy**

## JUANITA DU PLOOY
### Sportvrou van die Kwartaal

**1991 — die jaar van die Sport-Affie, en definitief die jaar van prestasies, rekords en uitblinkers! Juanita du Plooy is beslis so 'n uitblinker in die items waaraan sy deelneem, nl. gewigstoot en skyfwerp.**

In st.6 is sy as die beste O/14-atleet aangewys. In 1989 is sy aangewys as die junior en in 1990 as die senior "Victrix Ludorum" tydens die Interhuis-atletiekbyeenkoms. In 1989 neem sy vir die eerste keer vir die Noord-Transvaalse junior span deel aan die Suid-Afrikaanse junior kampioenskappe.

1991 was beslis 'n jaar vol atletiekhoogtepunte vir Juanita. Haar prestasies sluit o.a. die volgende in:

— tydens die byeenkoms te Tzaneen het sy die sewentien-jaar-oue rekord van die Springbok, Nanette van der Walt gebreek;

— 'n eerste plek in beide haar items tydens die Interhoëratletiek-byeenkoms;

— 'n tweede plek in beide haar items tydens die Direkteursfinaal;

— 'n tweede plek in skyfwerp en 'n derde plek in gewigstoot tydens die Sasolbyeenkoms;

— sy neem tans aan byeenkomste deel vir Tuks.

Die hoogtepunt van al hierdie hoogtepunte was sekerlik die feit dat sy uitgenooi is om aan die Suid-Afrikaanse senior kampioenskappe deel te neem.

Juanita se deelname aan atletiek neem 'n groot deel van haar lewe in beslag. Sy sê dat die grootste invloed daarvan op 'n mens se lewe die feit is dat dit 'n mens meer gedetermineerd maak en jou geweldig baie selfdissipline leer. Sy skryf haar sukses toe aan haar afrigter en pa (wat toevallig dieselfde persoon is!)

Haar ideale vir die toekoms is om eers 'n junior Springbok te word (d.w.s. om 56m te haal in die skyfwerp), dan 'n senior Springbok en om dan moontlik eendag aan die Olimpiese Spele deel te neem.

Juanita beplan om volgende jaar B Comm (Regte) aan die Universiteit van Pretoria te gaan swot. Ons hoop om in die toekoms nog baie van haar in ander koerante (behalwe die Stroom-op!) te lees!

Ons sien haar wen!



*Juanita saam met Lynette Carstens, wat ook uitgenooi is om aan die SA Senior Kampioenskappe deel te neem.*

## TENNIS

**Met ongeveer 'n driekwart van die jaarlikse liga agter die rug, lyk AHS se tennis net so sterk soos altyd. Die tennisspanne is omtrent almal onoorwonne en dit blyk 'n uitgemaakte saak te wees dat hulle almal hul onderskeie ligas sal wen.**

Die onder 15 het soos volg gevaar: die eerste en tweede spanne is albei ingeskryf vir die A-liga. Die eerste span is onoorwonne terwyl die tweede span ongelukkig was om gelykop teen Brits se eerste span te speel. Die derde en vierde spanne wat in die B-liga speel, vaar baie goed. Die derdes het nog niks verloor nie, maar die vierde span moes al twee maal die knie buig voor hulle sterker opponente. Die vyfdes is onoorwonne in die C-liga.


Bo 15: Die vyfde span (C-liga) is onoorwonne. Ongelukkig was die kompetisie in die B-liga te sterk vir die derde en vierde spanne en het hulle elkeen al 'n wedstryd verloor. Die tweede span vaar besonder goed en dit lyk asof hulle teen die eerste span sal uitspeel vir die wenners van die A-liga, albei spanne is nog onoorwonne.

Omdat Noord-Transvaal se tennis die kompetisies so oorheers, is daar besluit om twee spanne na die SA-skole week in Julie 1991 in Durban te stuur. Affies sê baie geluk aan A Louw, G Williams, J Keyser, J Steyn en S de Swardt wat almal gekies is om hierdie spanne te verteenwoordig.

Knap gedaan tennisspelers! Dit wil gedoen wees.

— **Ulrich Kotzenberg**

## ANDRÉ FERREIRA
### Sportman van die Kwartaal



**André, van wanneer af speel jy rugby?**

Ek het st.1 begin rugby speel en het vanaf st.4 vir die eerste rugbyspan van my laerskool gespeel. Op Affies het ek nog elke jaar vanaf st.6 rugby gespeel behalwe st.7 toe ek beseer was. Ek het verlede jaar tweede span gespeel en vanjaar vir die eerste keer vir die eerste span opgedraf.

**Aan watter ander sportsoorte neem jy deel?**

Ek neem deel aan atletiek en was ook die kaptein van die atletiekspan wat die Direkteurstrofee gewen het. Atletiek beteken vir my baie omdat dit 'n individuele sportsoort is en dat die teleurstellings en die sukses jou eie is en omdat elke wedloop vir jouself 'n nuwe, groot uitdaging is.

Ek speel ook sagtebal en geniet dit veral omdat dit vir my 'n baie meer sosiale sportsoort is as wat atletiek of rugby is. Ek was verlede jaar genooi om die N Tvl B-span te verteenwoordig teen ander provinsies, maar dit het ongelukkig met my atletiek ingemeng.

**Hoeveel keer het jy al provinsiale kleure verwerf?**

Ek was die afgelope twee jaar twee keer gekies om N Tvl te verteenwoordig op SA Kampioenskappe en is verlede jaar ook gekies om aan 'n provinsiale byeenkoms op RAU deel te neem.

Alhoewel die SA's verlede jaar vir my die hoogtepunt van my atletiekloopbaan was, moes ek dit vanjaar laat oorstaan om op 'n rugbytoer te gaan.

**Wat dien vir jou as aansporing om te oefen en aan te hou?**

My grootste aansporing om atletiek te oefen is sekerlik my afrigter, mnr Hennie Kotze, vir wie ek die grootste lof op aarde het. Ook teenoor mnr Van Rooyen, my rugbyafrigter, is ek baie dankbaar. Die plesier wat ek kry uit die beoefening van sport, is vir my meer as genoeg aansporing om aan te hou en nog verder te presteer.

**Beplan jy om na skool aan te hou rugby speel?**

Ja, volgende jaar sal ek graag meer aandag aan atletiek wil gee omdat dit my laaste jaar sal wees om O/19 deel te neem. Ek sal dan ook verder in die toekoms as senior in beide die sportsoorte internasionaal wil deelneem.

**Wat is jou nabye toekomsplanne? Wat gaan jy studeer?**

BCom Landbouekonomie by Tuks. Vir die toekoms beplan ek om òf in die onderwys in te gaan of in die Landbou. Ek sal graag met 'n mooi vrou wil trou en baie kinders hê.

**Watter raad het jy aan die rugbyspelers?**

Jy is net so goed as wat jy dink jy is.

**Wat dink jy van Affies se rugby?**

Ek dink Affies is die beste rugbyskool in Pretoria en ek hoop die eerstespan kon dit weer vanjaar bewys deur die Direkteurstrofee te wen.

## TAFELTENNIS

**AHS se tafeltennis, wat slegs 'n paar jaar gelede begin het, begin hierdie jaar beter lyk en dinge lyk belowend vir 'n nog beter toekoms wat voorlê.**


Dit is opmerklik hoeveel standerd sesse hierdie jaar by die tafeltennis ingeskakel het en dit skep nuwe hoop vir die tafeltennis wat verlede jaar nog maar in die beginstadium was. AHS neem hierdie jaar deel in twee verskillende Bonde — 'n A-bond en B-bond. In elk van die twee bonde is die spanne ingeskryf.

Die A-bond het as volg gevaar: elke span het reeds 5 wedstryde gespeel teen onderskeidelik CR Swart, Overkruin, John-Vorster se B-bond spanne, John-Vorster se A-bond spanne en Tuine Tegnies. Die eerste span kon nog net een wedstryd wen en het die ander vier ongelukkig verloor. Die tweede span het reeds 3 wedstryde gewen, en die ander twee verloor. Die derde span het ook 3 wedstryde gewen en 2 verloor.

Die B-bond het soos volg gevaar: elke span het reeds 3 wedstryde gespeel, waarvan die eerste span al drie gewen het. Die tweede span het ook al drie hulle wedstryde gewen, maar die derde span kon ongelukkig nog net 2 van die drie wen, en het die ander een verloor.

— **Janneman du Buisson**

## Matriekhokkie Bo!



**As AHM se gees en entoesiasme gemeet moes word aan hulle Matriek-hokkiespan, is dit niks anders as puik nie!**

Die span het, nadat hulle slegs een keer as span saamgeoefen het, hulle segetog in die Jakarandaliga begin deur FH Odendaal met 6-0 te verslaan!

Die span, onder aanvoering van Yolande Ehlers en die bekwame afrigting van mev van Straaten, het reeds vier wedstryde gespeel en al vier gewen. Die ander uitslae was as volg:

Overkruin 0 — AHM 1
Garsfontein 0 — AHM 3
Waterkloof 0 — AHM 1

Die wedstryde word gewoonlik op Donderdae gespeel. Wedstryde teen Alphenpark Hoër en Akasia Hoër lê nog voor.

Mej Meij is die span se getrouste ondersteuner en tree ook as skeidsregter op. Die meeste van die spanlede is beginners en dit maak hulle prestasies nog soveel merkwaardiger. Helanie het glo as 'n ster ontluik en Hedwig (voormalig van die eerste span) sit ook so af en toe stok by. Die span het (so word beweer) die hoekie tot 'n fyn kuns bemeester en oefen dit soveel as moontlik. (In die wedstryd teen Overkruin was daar altesaam 20 oefenkanse!)

Ons is baie trots op hierdie entoesiastiese Matrieks en ons wens hulle alle sterkte toe met die res van die Ligaseisoen!

— **J vd Merwe**

Typographically prepared by Wentzel Coetzer Printers, Tel 3232787 and printed by **The Pretoria News** (Pty) Ltd, 216 Vermeulen Street, Pretoria. Tel 3255382